

'n Skoeboks van hoop...

Maak jou oë toe. Dink jou in, jy is 'n Karoo boervrou. Jy staan in die kombuis en kyk uit oor die plaaswerf. Daar waar eens trekkers en implemente gestaan het. Als is nou leeg. Als is verkoop. Soek ietsie groen, net 'n kolletjie. Maar sien niks. Twee van die enorme ou bloekombome is dood. In die verte sien ek die rivierloop en die lande vir lusern... droog en vaal. Die rivier het 5 jaar laas geloop. Ek voel hoe die trane wil begin en kyk vinnig weg.

My oog vang die ketel... só lus vir 'n lekker sakkie cappuchino en om 'n Rooi Rose op die bank te lees. Ai, hoekom het ek nie daai dae meer waardeer nie? Maar nee. Ek kan nie nou koffie drink nie. Die Ricoffy-blik is amper leeg. Ek spaar dit vir my man. Stap na die kraan en skink 'n glas water. Na 25 jaar op die plaas is ek steeds nie gewoon aan hierdie brak boorgatwater nie.

Attie en Lisa is in Worcester in die hoërskool, 400km van hier. Lisa se matriekafskeid is om die draai. Darem 'n rok geleen gekry by 'n vriendin...maar wat van volgende jaar? Ek kry 'n beklemming op my bors. Hoe gaan ons vir haar studies betaal? Ons gaan nie eers 'n lening kan kry nie. Attie het laat weet sy tekkies is gedaan. Die tenniswedstryde begin volgende week.

Ek hou die plaaspad dop. Johan, my man, kom vandag huis toe. Hy het vir twee weke op 'n plaas gaan werk in die Boland. Dis darem 'n paar sakkies voer werd. My man, so moedig en hoopvol. Hy sou oppad terug by die koöperasie op die dorp stop, hoor of hul nie 'n plan kan maak nie. Die skape kort voer. Ons het nou 'n derde van die skape oor. Res reeds verkoop, nee, eintlik weggegee. Amper niks vir hulle gekry nie. Ek vryf oor my rug en kyk na my hande. Dit was fisies en emosioneel 'n rowwe twee weke. Ek het self die skape gaan voer gee en lyndrade gestap. Ons moes twee jaar gelede noodgedwonge ons werkers laat gaan. Ek sien die waterkrippies is so vol slyk, wil dit so graag skoonmaak, maar ek kan nie daardie water mors nie. Die windpomp gee net drupsgewys water. Die skape is maer, baie maer. My hart breek. Die ooie stoot hul lammers weg. Kerneels, die buurman se werker, het gister laat weet die jakkalse was weer doenig by hulle.

Ek kyk na die tafel in die kombuis, mooi gedek. Ons eet vanaand die gewone: eiers en brood. My kombuis was altyd my hartsplek. So geniet om te kook. Nou, met hierdie leë koskaste, voel dit of 'n deel van my dood is. Ons gasbottel is lankal reeds op, daar is nie 'n warm stort wat vir my man wag nie. Liewe Here, hoe gaan ek my man ondersteun as my hart reeds so swaar is. Trane lê vlak.

Ek sien die stofwolkie in die verte aankom. Sê vir myself: Kom vrou! Staar op! Wees sterk! Maar my bene is lam en ek sak op my knieë en vra die Here vir krag. Vir die regte woorde om my man te bemoedig. Ek sien my man laai 'n paar sakkies voer af by die stoor. Seker genoeg vir 'n week. Uit sy lyftaal kan ek sien hy is moeg. Hy het oud geword die laaste paar jaar. Hy het nie goeie nuus by die koöperasie gekry nie.

Hy stop by die huis. Ek sien hoe hy kyk na die wolklose sonsondergang... met 'n diepe hoop dat die reën more sal kom. Ek sien hy laai 'n skoeboksie uit en ek wonder wat kan dit wees? Ek groet my man en ek sien my naam staan op die boksie. Iets spesiaal vir my?! Met opgewondenheid maak ek dit oop. Twee sakkies cappuchino, sjampoe, conditioner en room! 'n Briefie wat begin met: "Liewe Karoo Vrou" en die mooiste rooi serp. Ek sit dadelik die serp om my nek en dit voel of ek blom. Dankie Here! Ek weet my man sou graag die goedjies vir my wou koop, maar die laaste paar jaar is elke beskikbare geldjie gebruik vir veevoer.

Met 'n huppel in my stap en 'n hart vol dankbaarheid en hoop, gaan bak ek die eiers en sien uit na die pakkie cappuchino wat ek en my man nou-nou gaan deel. Dankie Here, iemand gee om...

